## Die Britse Ryk en Krieket

**B. Murray and G. Vahed (eds), *Empire & Cricket, The South African Experience, 1884-1914***
Unisa Press, Pretoria, 2009
xix + 324 pp
ISBN 978-1-86888-540-4
R270.00

Hierdie werk is nie ŉ gewone populêre krieketboek soos dié waarin spelers oor hulle loopbane skryf selfs nog voordat dit tot ŉ einde gekom het, of waarin, soos enkele dekades gelede, oor vollengte toere verslag gedoen word nie. Dit is ŉ samestelling van bydraes deur twaalf akademici, waarvan slegs vier Suid-Afrikaners is, en ŉ vyfde die voorwoord geskryf het.

Soos die titel aandui, handel die werk oor die (Britse) Ryk en krieket, en speel politieke, ekonomiese en sosiale aspekte ŉ groter rol in die aanbieding as gebeure op die krieketveld self, hoewel dié nie verwaarloos word nie. Die samestellers maak daarop aanspraak dat die komplekse verhouding tussen krieket en die samelewing toegelig word (p 3). Hierdie benadering gee aan die werk sy uniekheid, dit is geskiedenis van sport en nie sportgeskiedenis nie. Die samestellers is ook daarvan bewus dat spelers na hulle uittrede, vergete raak (p viii), en hulle hoop dat die publikasie ŉ bydrae sal maak om van hierdie spelers aan die vergetelheid te ontruk. Die kollig val op politici, administrateurs, koerantmanne en spelers, gesien teen die agtergrond van ryksbou en imperiale konsolidasie.

Behalwe vir die veranderinge wat die ontwikkeling van die spel oor ŉ eeu meegebring het, toon die werk hoe min nuuts daar onder die son is. Politieke inmenging, onderlinge geskille tussen klubs en spelers, ontevredenheid oor spankeuses waarin rassevooroordeel en politiekery ŉ rol gespeel het, die invloed van professionalisme, onmin op toer, toeskouers wat ontevrede is met die tempo waarteen die spel vorder sonder om eens te besef dat een span probeer om ŉ nederlaag af te

weer (p 54), sowel as die rol van drank en vroue (pp 120-121, 213) is aspekte waarmee die leser in aanraking kom. Daar word verder verneem van die uitblinkers uit hierdie era – spelers soos A.B. Tancred, wat reeds op sestienjarige ouderdom 'n honderdtal kon aanteken (p 106).

In die eerste vyf hoofstukke van die werk word die agtergrond waarteen die geskiedenis van die spel afspeel, geskets, met sterk klem op die pogings om dit vir imperiale doeleindes aan te wend. Indien 'n openingsopmerking in *The MCC Cricket Coaching Book* (1962) dat krieket 'n vorm van oorlogvoering is, in aanmerking geneem word, is dit dalk nie so vreemd dat die spel in die era van die Nuwe Imperialisme deur sommige aangewend sou word om ryksdoelwitte te bevorder nie. In hierdie dele van die werk is daar soms lang relase wat op die politieke agtergrond fokus – 'n neiging wat daarop dui dat hierdie meer as net 'n sportboek is. In die daaropvolgende agt hoofstukke val die klem meer op gebeure op die krieketveld self, maar sonder om die wisselwerking tussen die spel en die politiek van die dag uit die oog te verloor. Daar word aandag gegee aan individuele spelers en die aandeel wat hulle aan die bevordering van die spel en die doelwitte waarvoor dit aangewend is, het. Dit sluit 'n bydrae in oor krieket in 'n kamp vir Boere-krygsgevangenes in Ceylon (Sri Lanka) en 'n wedstryd waarin 'n bevoorregte Boere-elftal buite die kamp teen 'n plaaslike klubspan gespeel het. Die klompie Boere het die uitstappie terdeë geniet, 'n feit wat die leser laat wonder wat die ongelukkiges wat in die kamp moes agterbly, daarvan gedink het, veral gesien in die lig van die swak vertoning wat die kampspan gelewer het. Die werk sluit af met 'n hoofstuk oor die ontstaan van die *Imperial Cricket Conference* – 'n oordruk van 'n artikel wat vroeër in die *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* verskyn het en waarin die verbintenis tussen die *Conference* en imperiale belange aan die orde kom.

Dat krieket 'n instrument was om die belange van die Britse Ryk te bevorder, is die basiese ondertoon van die werk. In die proses was daar 'n besliste uitsluiting of marginalisering van sekere spelers, veral gekleurdes. Of dit daarteenoor, selfs "*to some extent*" (p 121), die kloof tussen Afrikaner en Engelsman oorbrug het, is te betwyfel. Daarvoor was daar eenvoudig te min Afrikaanssprekende spelers wat op topvlak uitgeblink het en lyk dit of hierdie spelers se pogings (om 'n kontemporêre uitdrukking te gebruik), eerder in die "sosiale liga" tuis gehoort het. Die verstedelikte Afrikaner van die vroeë twintigste eeu het rugby as sport verkies – trouens Afrikaners soos doktor H.S. van Broekhuizen, wat self internasionale rugby gespeel het, en Charles Uys, later professor in Geskiedenis in Bloemfontein, het verkies om rugby bo krieket onder die jeug te bevorder.[29] In die hoofstuk oor krieket in die krygsgevangenekampe, word tereg gespekuleer oor die vraag hoekom die Afrikaner nie in die elitistiese en Brits-georiënteerde spel tereggekom het nie. 'n Moontlike verband met deelname aan sport op Sondae word egter nie ondersoek nie. Was baie Afrikaners uit die era nie meer gevoelig as vandag oor sport op Sondae, veral gesien in die lig van gebruike wat ten opsigte van Sondae voor 1899 in hulle republiek gegeld het nie?

Afgesien van die herhaling van inligting wat 'n indeling van die aard meebring en wat irriterend is, is die werk nie sonder foute of tekortkominge nie. Die Boere-

---

29 M C van Zyl (red ), *Noord-Transvaalrugby 50* (Noord-Transvaalse Rugbyunie, Pretoria, 1988), pp 320-321

republiek noord van die Vaalrivier was reeds in 1857 bekend as die Zuid-Afrikaansche Republiek en het nie na 1884, soos op bladsy 4 geïmpliseer word, die naam gekry nie. Die Berlynse Konferensie van 1884/5 het Afrika beslis nie verdeel nie (p 38). Die bewering dat J.A. Hobson ŉ kenner van die Suid-Afrikaanse politiek was (pp 243, 252) kan, gesien in die lig van die feit dat latere navorsing sy verklaring vir die Nuwe Imperialisme gerepudieer het, as aanvegbaar beskou word. Die verwysing na die Suid-Afrikaanse hoë kommissaris, wat gedurende die rugbytoer van 1906/7 by gebeure ingegryp het (p 15), is misleidend. Wie was hy? Suid-Afrika as ŉ politieke entiteit met ŉ eie hoë kommissaris in Londen het toe nog nie bestaan nie. Die agtergrond van die lede van die Boere-krieketspan in Sri Lanka word deeglik nagegaan, maar wanneer daar gespekuleer word of Arthur Edward Ochse, wat in die heel eerste toetswedstryd in 1888/9 vir Suid-Afrika gespeel het, ten spyte van sy voorname Afrikaanssprekend was, bly dit daarby. Daar word nie op sy agtergrond ingegaan nie, behalwe om te impliseer dat sy voorname hom by Afrikaners onder verdenking kon plaas, en dit terwyl van die Ochses ŉ verbintenis met die 1820-Setlaar Ochs uit Middlesex het.[30]

*Empire & Cricket* is ŉ keurige publikasie, gedruk op goeie papier en met die nodige bronverwysings en indeks (ongelukkig onvolledig omdat dit slegs tot by die letter "T" gaan), asook gepaste foto's. Op die vraag of die aanhanger van moderne kitskrieket, met sy kleurvol-getooide akrobatiese spelers en ten minste een hanswors vir ŉ skeidsregter, die boek sal lees, is die antwoord waarskynlik nee. Die ernstige student van ŉ spel, gespeel deur "*fools wearing flannels*", wat meer wil weet van dit wat agter die skerms gebeur, sal groter aanklank by die publikasie met sy sterk akademiese inslag vind.

*F.J. Nöthling*
*Pretoria*

30 J A Heese, *Suid-Afrikaanse Geslagsregisters* VII (GISA, Pretoria, 2002), p 14